## 10 Desember — Spreuke 3:13-26

### *Die waarde van wysheid en insig*

Ons weet nou wat die bron van wysheid en insig is.

Laat die Woord van God ons nou ook onderrig oor die waarde van wysheid en insig. Ook die Spreukedigter sê: "Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag".

Dit is 'n hoofstuk, gepak met goeie raad. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie; dien die Here en vermy wat sleg is... Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn. Die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos 'n vader doen met sy seun.

En dan die trefwoord: Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het, want dit bring meer winste in as silwer en lewer 'n groter opbrengs as goud. Die wysheid gee met die een hand 'n lang lewe en met die ander rykdom en eer. Die wysheid bring 'n ryk en 'n vol lewe.

Dieselfde HERE van Wie die Bybel ons leer: dat Hy "die fondament van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou het met insig," is ook die Verbondsgod wat ons in Christus voor die grondlegging van die aarde uitverkies het om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Dieselfde God wat ons toe al daarvoor bestem het om deur Jesus Christus sy kinders te wees.

Kom, dien dan die res van u lewe die HERE met goddelike wysheid en insig wat van Bo kom. Hulle waarde is vér bo dié van korale en edelgesteentes.

Sing: Psalm 19:4

Ds. FJ. du T. Lessing (Nelspruit)